**3 Junie**

**Skrifgedeelte: Markus 1:1-8**
**Fokusgedeelte: Markus 1:8**

**Die belofte van die Gees**

Die inhoud van die vier Evangelies is nie debatte of besprekings nie, maar ’n *proklamasie of ’n aankondiging van: “Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God”* (OAV) (Mark 1:1). Markus begin deur die identiteit van Jesus Christus aan te kondig.
Markus was heel waarskynlik ’n ooggetuie van verskeie van die sake waaroor hy skryf, daarom kon hy met ontsag, onder inspirasie van die Heilige Gees en met persoonlike getuienis oor *“die Goeie Nuus – die blye Evangelie”* skryf.

- Eerstens haal hy aan uit die profeet Maleagi en daarna uit Jesaja. Daar is al geprofeteer dat almal gereed moet wees, want die Messias kom.
- Tweedens haal hy Johannes die Doper aan wat in die woestyn opgetree het en verkondig het dat Jesus Christus aan die kom was. Hierdie voorbereiding het behels dat almal wat glo, gedoop moes word en hulle moes bekeer.

Ons lees van Johannes die Doper se prediking en doop onder andere in Matteus 3; Lukas 3:1-9, 15-17; Johannes 1:19-28. Johannes die Doper word deur Jesus self genoem die grootste van die profete (Matt. 11:1-15). Johannes het met sy klere van kameelhare, sy manier van lewe, sy boodskap van bekering met Elia geïdentifiseer. Johannes het aan die volk geleer dat hulle hul moes bekeer, omdat die Messias aan die kom was. Bekeer julle van julle geestelike louheid, bekeer julle deur in Jesus Christus te glo, Hom te dien met jou hele hart en siel en verstand, was sy boodskap.
Johannes was baie versigtig om self minder te word, sodat Jesus Christus meer kon word in sy lewe (vgl. Joh. 3:25-30). Johannes het wel met water gedoop en dit dui op die afwassing van ons sondes deur die bloed van Jesus Christus. Jesus het egter in Handelinge 1:4, 5 gesê dat Johannes met water gedoop het, maar dat die dissipels met die Heilige Gees gedoop sou word, dit was met die uitstorting van die Heilige Gees. Dit beteken nie dat Johannes se doop met water minderwaardig of ongeldig was nie (vgl. Matt. 21:23-27), of dat die doop met water een dag deur ’n geestelike doop vervang sou word nie (vgl. Matt. 28:19-20). Nee, die doop van Johannes was net ’n voorbereiding sodat die mense gereed sou wees om Jesus Christus te ontvang.
Die apostels sowel as Jesus Christus is self deur Johannes gedoop. Ons is vandag baie bevoorreg dat ons gedoop word, wel met water, maar in die Naam van God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees. God as een Wese, geopenbaar in Drie Persone, is dus self by elke doop teenwoordig. Wat ’n genade dat my naam in een sin met die Almagtige Drie-Eenheid genoem word, dat ek ook gedoop is in die Naam van die Heilige Gees.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2* *Ds. GS Kruger (Centurion)*